DIE HISTORIESE KOMPAS

Nommer 8 Augustus 2016

Lees in hierdie uitgawe:

Die huidige uitgawe van *Die Historiese Kompas* word in sy geheel aan die herdenking van die lewe van Dr H.F. Verwoerd gewy. Die doel daarvan is om hom as mens en staatsman aan ons lesers bekend te stel en om uit sy lewe inspirasie te put vir die toekoms. Dit word aan die hand van die volgende onderwerpe gedoen:

- **Die ware Verwoerd**
  Dit is die naam van ‘n webtuiste oor Dr Verwoerd wat deur Suidland Media geopen is. Lees onder hierdie afdeling meer oor die inhoud daarvan.

- **Man van Graniet**
  Bogenoemde is die naam van ‘n dokumentêre film oor Dr Verwoerd wat gemaak word as deel van die 50-jarige herdenking van sy dood op 6 September 1966. Dit gaan in DVD-formaat beskikbaar wees. Lees meer oor die inhoud daarvan en ook oor die beplande bekendstelling op 10 September 2016.

- **Mag ons hom nooit vergeet nie**
  Onder hierdie afdeling word inligting oor bestaande en voorgestelde aksies ter herdenking van die lewe van Dr Verwoerd verskaf.

- **Harte, Hande en Rande vir Verwoerd**
  Dit is ons as die geslag wat nou lewe se plig om die goeie naam van Dr Verwoerd weer in ere te herstel en om hom terug te bring in die harte van sy volk wat hy met oorgawe gedien het. Hier kan u lees hoe u as individu daarby betrokke kan raak.

- **Die Pad vorentoe met Verwoerd**
  Enkele gedagtes oor die voortsetting van die herdenking van die lewe van Dr Verwoerd na 6 September word hierin gedeel.

Frikkie Strauss

REDAKTEUR

Die Historiese Kompas word uitgegee deur Suidland Media. Dit verskyn op ‘n periodieke grondslag en slegs in elektroniese formaat. Daar is geen kopieregte daarop nie en dit kan vryelik gedupliseer en op enige wyse versprei word. Afrikaners is die teikenlesers van die blad.
Suidland Media is in 2002 gestig en is die verspreiders van DVD’s en CD’s oor die geskiedenis van ons volk. Persone wat meer wil weet van Suidland Media, ‘n katalogus van ons DVD’s en CD’s wil ontvang of op die adreslys vir *Die Historiese Kompas* wil kom, kan ons kontak by die nommers op die laaste bladsy. Vorige uitgawes van *Die Historiese Kompas* kan gelees word op **www.gelofteland.org**.

DIE WARE VERWOERD

Gedurende die leeftyd van Dr Verwoerd, maar veral na sy dood, is daar baie oor hom geskryf. Dit het bestaan uit toesprake van hom soos opgeteken in die notules van die Volksraad, ander toesprake wat opgeteken is in boeke, tydskrifte en koerante en uit baie boeke en artikels oor hom wat na sy dood verskyn het. Dit is te betwyfel of daar oor enige Suid-Afrikaanse staatsman soveel literatuur beskikbaar is. Alles lê ongelukkig in biblioteke, argiewe, museums en ander plekke van bewaring waar dit baie moeilik toeganklik is. Sover ons kennis strek, is daar tans net een boek oor Dr Verwoerd in die handel beskikbaar.

Ten einde inligting oor Dr Verwoerd vir die breë publiek toeganklik te maak, is ‘n webtuiste oor hom geopen. Soos die titel ***Die ware Verwoerd*** aandui, wil ons graag daarmee die ware Dr Verwoerd aan sy nageslag bekendstel. Op die webtuiste sal u **inligting** vind oor die **lewe, werk** en **dood** van Dr Verwoerd, inligting waaroor die meeste 21ste eeuse Afrikaners óf nog nooit beskik het nie óf vergeet het.

Daar is ook ‘n bepaalde **perspektiewe** oor die lewe van Dr Verwoerd. Daar word verduidelik waarom **die herdenking van sy lewe nodig en van waarde is** vir hedendaagste Afrikaners en vir die skepping van ‘n toekoms vir ons kinders. Die **ware feite** oor hom word gestel teenoor die leuens wat oor hom versprei is en daar word gefokus op die **herontdekking van die era van Verwoerd** in die geskiedenis in ons land.

Ten slotte vind u inligting oor **aksies ter herdenking van sy lewe** wat reeds aan die gang is en wat in die vooruitsig gestel word.

Neem asseblief die tyd om hierdie webtuiste te besoek. Dit sal vir u ‘n waardeskeppende en positiewe ervaring wees. U sal kennis maak met ‘n merkwaardige man, van die soort waarvan daar net een elke paar eeue op die wêreldtoneel verskyn. U kan die webtuiste vind by **www.hfverwoerd.net.**

Behalwe geskrifte oor Dr Verwoerd is daar **twee kort Engelse films** oor hom gemaak. Die een handel oor sy staatsbeleid *(May we never forget)* en die ander oor sy dood *(The Assassination of Verwoerd).* Daar kan na hierdie twee films op ons webtuiste gekyk word. *May we never forget* verskyn onder *Die Werk van Verwoerd* en *The Assassination of Verwoerd* onder *Die Dood van Verwoerd.* Daar mag lesers wees wat verskil van sommige van die sieninge wat in laasgenoemde film uitgespreek word. Die basiese feite oor die moord op Dr Verwoerd is egter grootliks korrek.

MAN VAN GRANIET

Suidland Media se betrokkenheid by hierdie projek het direk voortgevloei uit die historiese erfenisbewaringsprojek waarmee ons sedert September 2009 besig is. Dit behels die voorsetting op DVD’s van ou films wat die afgelope eeu oor ons geskiedenis gemaak is.

Ons het ‘n geruime tyd gelede al die leemte uitgewys dat daar nog nie ‘n dokumentêre film oor Dr Verwoerd in Afrikaans gemaak is nie, terwyl daar wel sodanige films oor die meeste ander volksleiers gemaak is. Dit het daartoe gelei dat daar wel met ‘n projek begin is om ‘n dokumentêre film, in DVD-formaat, oor Dr Verwoerd se lewe te maak. Die projek word onderneem deur *Die Instituut van Kultuur en Geskiedenis* onder leiding van Johan Wiesner.

Die projek is in ‘n ver gevorderde stadium. Dit gaan uiteindelik uit ‘n stel van twee DVD’s bestaan en word DV op ***Saterdag 10 September 2016*** in Pretoria bekendgestel. Ons wil elke persoon wat in die lewe van Dr Verwoerd belangstel aanmoedig om moeite te doen om die geleentheid by die woon.

Met die oog op besprekings daarvoor is ‘n webtuiste met die naam **Verwoerd** geopen by **www.hfverwoerd.co.za**. Daarop en ook op ons eie webtuiste kan u meer oor die projek lees. ‘n Kort uittreksel uit die film verskyn ook op ons webtuiste.

MAG ONS HOM NOOIT VERGEET NIE

Die vyftigjarige herdenking van die sluipmoord op Dr Verwoerd bied die geleentheid om die lewe en werk van Dr Verwoerd weer in herinnering te roep, om sy goeie naam in ere te herstel, om hom weer terug te bring in die harte van ons volk en om ons dankbaarheid te toon teenoor ‘n man wat só baie gedoen het om vir ons, sy nageslag, ‘n leefruimte in Suid-Afrika te skep. Dit bied ook geleentheid om inspirasie uit sy denke en dade te put vir die nakoming van ons verantwoordelikheid om ook vir ons kinders ‘n toekoms te skep. Hieronder vind u besonderhede van bestaande en voorgestelde herdenkingsaksies.

BESTAANDE HERDENKINGSAKSIES

Behalwe die skepping van die webtuiste oor Dr Verwoerd en die DVD-projek word ander aksies ter herdenking van die lewe van Dr Verwoerd tans deur verskillende instansies onderneem. Lees meer daaromtrent op ons webtuiste. Behalwe die aksies wat daar genoem word, word die volgende ook beplan:

❖ PERSPEKTIEF OP DR VERWOERD: 50 JAAR

Die H.F. Verwoerd Navorsingstrust reël op **Dinsdag 6 September** 'n seminaar in die **SAOU-ouditorium in Garsfontein in Pretoria** waar sprekers verskeie aspekte van Dr Verwoerd se lewe gaan toelig. Dit sal duur van **12h30 – 17h00**. Hieronder volg besonderhede van die program.

PROGRAMVERLOOP

- Die drie inleiers kry geleentheid om hul perspektief te deel, waarna die paneel 'n oop gesprek voer. Die paneellede lewer kommentaar op die insette wat gemaak is. Dit word as 'n rondetafel-gesprek hanteer – sonder insette vanuit die gehoor.

- Dit word opgevolg met 'n oop gesprek waaraan die gehoor deelneem. Kommentaar word gelewer en/of vrae word aan enige van die sprekers of die paneellede gerig.

_____

HULDIGING EN PERSPEKTIEFSTELLING: DR H.F. VERWOERD – NA 50 JAAR

12h30 – 13h15	Middagete vir almal wat die konferensie bywoon
13h15 – 13h30	Verwelkoming – Voorsitter
13h30 – 15h00	**Dr H.F. Verwoerd in Perspektief** (Drie inleiers wat elk in 30 minute hul perspektief deel) ✓ Prof Wilhelm Verwoerd (Stellenbosch) ✓ Prof Pieter Duvenage (UOVS – Bloemfontein) ✓ Prof Grietjie Verhoef (UJ)
15h00 – 15h15	Tee en verversings (bene rek)
15h15 – 16h00	***Paneelbespreking*** met kommentaar op die insette wat gemaak is. (Dit word as 'n oop gesprek tussen die paneellede hanteer) ✓ Prof Danie Goosen (Gespreksleier) ✓ Mnr Carel Boshoff IV ✓ Mnr Flip Buys ✓ Mnr Piet Muller
16h00 – 16h45	**Oop gesprek en deelname** met kommentaar op die insette en paneel
16h45	Bedankings – Voorsitter

Vir meer besonderhede en besprekings skakel die voorsitter van die H.F. Verwoerd Navorsingstrust, mnr Hennie de Wet by **083 – 306 1830** of **hennie682@gmail.com.**

❖ VERWOERD GEDENKDINEE

'n Formele dinee, ter herdenking aan Dr Verwoerd word DV op **6 September 2016** om 19h00 by die **Diamantvallei Landgoed Oos van Pretoria** gehou. Mnr Paul Kruger sal 'n kort oorsig oor sy staatkundige beleid gee en mnr Hendrik Verwoerd sal staaltjies uit sy lewe met die gehoor deel. Dit sal aangevul word met klank- en beeldmateriaal uit sy lewe. Meer besonderhede kan verkry word van Chantal Kruger **(chantal.kruger@vvk.co.za) 079 – 740 7214)**. Besprekings kan ook by haar gedoen word. Die koste beloop R180 per persoon.

❖ VERWOERD AAN DIE WOORD

In 1963 is die boek met bogenoemde titel deur Afrikaanse Pers-Boekhandel uitgegee. Dit het bestaan uit 59 van Dr Verwoerd se belangrikste toesprake wat hy tussen 1948 en 1962 gelewer het. Die boek is aan hom oorhandig as ‘n verjaardaggeskenk. Daar word verneem dat Protea Boekhuis die boek weer gaan uitgee met byvoeging van toesprake wat hy tussen 1962 en 1966 gelewer het.

❖ VERWOERD: SÓ ONTHOU ONS HOM

Met die honderdjarige herdenking van die geboorte van Dr Verwoerd in 2001 het Protea Boekhuis ‘n boek met bogenoemde titel uitgegee. Dit het bestaan uit bydraes deur 27 persone wat Dr Verwoerd self geken het en waarin hulle hulle persoonlike belewenisse van hom deel. Protea Boekhuis beplan om die boek weer uit te gee met enkele nuwe bydraes. Protea Boekhuis kan gekontak word by 012 – 362 5663.

❖ VERWOERDGEDENKLESINGS

Vir die afgelope 18 jaar is daar by Orania elke jaar op 6 September ‘n gedenklesing ter ere van Dr Verwoerd gehou. Die Orania Beweging beplan om ‘n bundel uit te gee waarin die lesings opgeneem word.

❖ BESOEKE AAN DIE PARLEMENT

Daar is ‘n instansie in die Kaap wat kultuurhistoriese toere van die ou deel van die Parlement reël. Indien die toere op ‘n Saterdag plaasvind, kan die ou Volksraadsaal waar Dr Verwoerd gesterf het daarby ingesluit word. Die toere is gratis. Die toergids is beskikbaar om toere te reël op die volgende Saterdae: **3 September, 10 September, 17 September, 8 Oktober en 15 Oktober.**

Dan is daar ‘n Verwoerdherdenkingskomitee in die Kaap wat aansoek gedoen het om op Dinsdag 6 September ‘n kranslegging te doen by die bank in die ou Volksraadsaal waar Dr Verwoerd vermoor is. Daar word nog op ‘n antwoord gewag.

Enige persoon wat belangstel om een van die toere mee te maak of om die kranslegging by die woon indien dit realiseer, kan ‘n e-pos stuur aan **toekoms@suidland.net** of sms na **082 493 3785** met vermelding van die geleentheid wat u graag wil bywoon. Iemand sal dan met u skakel om die reëlings te bevestig.

VOORGESTELDE AKSIES

Op ons webtuiste word voorstelle gemaak oor verdere herdenkingsaksies wat onderneem kan word. Ons brei hier verder daarop uit.

❖ VERENIG OM DIE GRAF

Volkseenheid was een van die groot ideale waarvoor Dr Verwoerd hom in sy lewe beywer het. En hy het daarin geslaag om dit te verwesenlik, nie net onder Afrikaners nie, maar ook tussen die Afrikaans- en Engelssprekende gedeeltes van die blanke bevolking. Met die verkiesing op 31 Maart 1966 het die Nasionale Party onder sy leiding ‘n oorweldigende

meerderheid behaal by die stembus en groot getalle Engelssprekendes het toe vir die Nasionale Party gestem.

Nog voor hierdie verkiesing was die volk verenig in hulle steun, agting, liefde en bewondering vir Dr Verwoerd. Dit het gemanifesteer by 'n besondere geleentheid waarvan Prof Willem Kleynhans skryf in sy bydrae in die boek *Verwoerd – Só onthou ons hom*. Op bladsy 191 van die boek skryf hy soos volg*:*

'n Hoogtepunt in sy dankbare volksgenote se hulde aan hom was die verjaardagfunksie in die Aula by die Universiteit van Pretoria op Saterdagaand, 8 September 1962. Dit is gereël deur die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI). Die hoofitem op die program getitel Vlam van Voortbestaan was 'n huldigingsbeeld, Skepper van 'n toekoms geskryf deur C.D. Fuchs van die SAUK en aangebied onder regie van Anna Neethling-Pohl. Dit het betrekking gehad op die gebeure rondom die aanslag op Dr Verwoerd se lewe bykans twee en 'n halwe jaar tevore, en sy oorlewing daarvan. Die eenduisend gaste van die aand het die vernaamste leiersfigure in Afrikanergeledere ingesluit. Die 77 organisasies wat daar verteenwoordig was, was 'n samesnoering van die grootste aantal Afrikaner-organisasies wat nog ooit een enkele byeenkoms bygewoon het om hulde te bring aan 'n lewende persoon.

Onder die indrukwekkende lys het net dié van die Nasionale Party en die Afrikaner Broederbond ontbreek. Hulle lede was in elke geval betrek by die huldiging aangesien almal deur oorvleuelende lidmaatskap ingesluit was by een of meer van daardie organisasies wie se name op die program verskyn het, naamlik die Afrikaanse koerantgroepe, Afrikaanse Christelike verenigings, ATKV en ATKB, al die Afrikaanse kerke, die Afrikaanse universiteite, Afrikaanse vakbonde, landbouverenigings, die Voortrekkerbeweging, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Afrikaanse onderwysersverenigings, helpmekaar-organisasies van die Kaap, Natal en die OVS, Afrikaanse myngroepe, Afrikaanse studenteverenigings en nog meer.

Van die volkseenheid onder Dr Verwoerd het daar helaas, 50 jaar na sy dood, baie min oorgebly. Alhoewel Afrikaners bykans 100% verenig is in hulle verwerping van die huidige politieke bedeling, is hulle versplinter in 'n magdom van organisasies.

Ons verantwoordelikheid om 'n toekoms vir ons kinders te skep, verg egter eendragtige optrede en die beginsels waarop Dr Verwoerd vir ons as sy nageslag 'n toekoms gebou het, bied die basis vir sodanige optrede. **Deur die gesamentlike herdenking van sy dood kan ons ook weer in ons harte verenig word. Die reëling van 'n kransleggingsplegtigheid by sy graf in die helde-akker in Pretoria kan die begin van so 'n proses wees. Saterdag 10 September sal die regte dag vir so 'n geleentheid wees. Ons doen hiermee 'n beroep op Afrikanerorganisasies in Pretoria om hulle verskille tydelik opsy te skuif en hande te vat om so 'n geleentheid te reël.** (Ons het intussen verneem dat daar wel inisiatiewe in hierdie verband is, maar besonderhede is nog onbekend. Ons sal die naam van die kontakpersoon aan enige belangstellendes kan verskaf – Die Redakteur)

❖ SKEPPENDE KUNSTE VIR 'N SKEPPENDE GEES

Min mense weet van Dr Verwoerd se besondere liefde vir die kunste en die waarde wat hy daaraan geheg het. Die laaste keer in sy lewe wat Dr. Verwoerd sy volk toegespreek het, was met die 5-jarige herdenking van die bestaan van die Republiek van Suid-Afrika by die amfiteater van die Voortrekkermonument op 31 Mei 1966. Hy het onder andere oor die kunste gepraat en het gevra dat ons volk se kunstenaars na vore moet tree met werke waardeur hulle die mooie en die skone van die volk moet besing, sodat hulle vir almal kan sê: *Só is my volk.*

In die boek hierbo genoem gee die sangeres Mimi Coertse ook vir ons ‘n paar kort blikke op Dr. Verwoerd se liefde vir die kunste. Sy het vir Dr Verwoerd goed geken omdat sy bevriend was met sy dogter Anna. Op bladsy 215 en 216 skryf sy soos volg:

Dok was vrygewig met my. Ek het soms konserte in Pretoria gehad om geld in te samel vir die Mimi Coertse-beurs. Ek sing verniet, die mense koop kaartjies en die opbrengs gaan om jong sangers oorsee te stuur vir studie. Dok het dan vir my ‘n blanko tjek gestuur met sy handtekening, en ‘n nota dat ek moet invul hoeveel ek dink hy behoort te gee vir die konsert.

Dit het nie heeltemal so maklik gegaan om staatsgeld uit hom te kry nie, toe TRUK op ‘n stadium in die nood was met hulle operaseisoen. Dit was omstreeks 1962/1963 toe Bags Cilliers my (namens wie weet ek nie meer nie) afgevaardig het om met Dr Verwoerd te gaan praat oor addisionele fondse en ek was bra teensinnig. Sê maar die bedrag wat hulle wou hê was R400 000 of so iets. Ek kom by die Eerste Ministerswoning en sê vir Dok ek wil eintlik vanaand ‘n bietjie besigheid kom praat. Hy neem my saam studeerkamer toe en haal eers die kussings af, want nie een van ons sit graag teen kussings op ‘n bank nie. Ek stel my versoek en dink by myself: kom nou, dok, jy kan as jy wil. Hy begin praat, daar is damme wat gebou moet word, daar is armoede en die behoefte is groot. My moed sak. Ek voel vanaand kry ek niks. Uiteindelik sê hy: “Maar ek sal jou darem R200 000 kan gee.” TRUK het gejubel. Die saak was gered.

Dit is nou weer die beurt van die 21ste eeuse beoefenaars van die kunste om ook die besondere gawes wat hulle van ons Vader ontvang het te gebruik om die nalatenskap van ‘n besondere man te eer. Daar is baie wat hulle kan doen. Hiermee net enkele suggesties:

- *Sangers en sangeresse* kan hulle stemme inspan om ‘n mooi CD te maak.
- *Digters en ander stemkunstenaars* kan gedigte en vertellings oor hom op ‘n CD sit.
- Deur ‘n visuele of radiodrama oor Dr Verwoerd kan *dramamense* hulle bydrae lewer.
- *Kunstenaars en beeldhouers* kan ook hulle deel doen om die geslagte wat kom op ‘n blywende wyse aan Dr Verwoerd te herinner.
- Daar is benewens die dokumentêre film wat in produksie is, die behoefte aan ‘n goeie film in dramavorm oor Dr Verwoerd. Dit kan in rolprentteaters en op televisiedienste vertoon en in DVD-formaat beskikbaar gestel word. Dit is die werk van *rolprent-regisseurs en akteurs.*

So kan ons voortgaan. Die inisiatief moet egter uit die kunstenaarsgemeenskap kom en hulle sal self die fondse daarvoor moet vind. Hulle het beslis genoeg rede om die nodige opofferinge te maak ten einde hulle waardering aan Dr Verwoerd te betoon vir sy bydrae tot die skepping van ‘n ordelike samelewing waarbinne hulle hulself as kunstenaars kan uitleef.

HARTE, HANDE EN RANDE VIR VERWOERD

Die sukses van die herdenking van Dr Verwoerd se lewe en die mate waarin ons daaruit inspirasie vir die toekoms kan put, sal grootliks afhang van deelname daaraan deur Afrikaners op voetsoolvlak. Moenie vir iemand wag nie. Begin net. Daar is geen sentrale koördinerende aksie nie. Elke aksie sal selfstandig onderneem en ook selfstandig gefinansier moet word. Dit sal min of meer moet funksioneer soos die Boere-kommando’s in die latere fases van die Tweede Vryheidsoorlog. Hulle was almal op hulleself aangewys

en moes hulle eie strategie beplan, maar het een gemeenskaplike doel gehad: Om die Britse agressors uit hul land te verdryf en die onafhanklikheid van die republieke te herstel. U kan onder andere die volgende doen:

- Probeer om van die **byeenkomste** wat hierbo genoem word by te woon. Vertel vir soveel moontlik ander mense daarvan en moedig hulle aan om dit by te woon en nooi hulle saam met u. Deur dit in groot getalle te ondersteun, sal ons aan die wêreld toon dat ons nie skaam is om onsself met Dr Verwoerd te assosieër nie, maar dat ons as volk inteendeel trots is op so 'n voortreflike leier.

- Neem inisiatief om bronne en artikels oor Dr Verwoerd in **goedgesinde nuusblaaie** te laat verskyn en wees gereed om enige vyandige dekking oor hom te weerspreek.

- Lig soveel as moontlik mense oor die bestaan van ons **webtuiste** in en moedig hulle aan om daarna te kyk.

- As u 'n **e-pos verspreidingslys** het, begin om inligting oor Dr Verwoerd daarop te versprei. Dit kan 'n goeie idee wees om hierdie uitgawe van *Die Historiese Kompas* op so 'n lys uit te stuur.

- Begin met 'n Verwoerdgroepie op enige van die **sosiale media platforms**.

- Probeer om dekking oor Dr Verwoerd by **onafhanklike radiostasies** te kry.

- Maak 'n **belegging in geestesgoedere** deur u **finansiële ondersteuning** aan die herdenking te gee.

  Ons by Suidland Media is bereid om ons tyd en ander hulpbronne tot die beskikking van die herdenkingsprojek te stel. Ons beskik egter nie oor die nodige finansiële hulpbronne nie en ons kennis en ervaring van moderne kommunikasietegnologie is ook beperk. Volgens die huidige kosteberaming sal die produksiekoste van die beplande Verwoerdfilm, die bemarkingskoste van die DVD's, die koste van die oprigting en bedryf van die webtuiste en die benutting van sosiale media nagenoeg R300 000 kos. 'n Groot deel daarvan het reeds ingekom in die vorm van donasies, maar daar word nog 'n aansienlike bedrag benodig om die projek te voltooi. Ons neem die vrymoedigheid om volksgenote te vra om hulle harte oop te maak en ons te help om dit deurgevoer te kry. Daardeur sal hulle deur hul Rande help om Dr Verwoerd weer terug te bring in almal van ons se harte.

  Met die oog hierop het die bestuur van Suidland Media besluit om 'n fonds te open waarin bydraes vir die finansiering van bogenoemde projekte inbetaal kan word. Die fonds staan bekend as **Die Verwoerd Herdenkingsfonds**. Bankbesonderhede is soos volg: **ABSA: 9321 680 352**.

  By die oorweging van ons finansiële bydraes moet ons bedink watter positiewe en konstruktiewe rol Dr Verwoerd en diegene voor hom in die vorming van ons lewens gespeel het. Hulle visionêre denke en die vermoë om dit ten uitvoer te bring het die basis gelê vir 'n samelewingsorde wat tot vandag nog in 'n groot mate in Suid-Afrika heers en wat vir ons die geleentheid geskep het om baie goeie dinge van die lewe te geniet. Ons kon gesinne vorm en kinders en kleinkinders sien groot word en wonderlike tye saam met hulle deurbring. Ons kon boerderye, besighede, professionele en korporatiewe loopbane bou wat ons in staat gestel het om in ons gesinne se materiële en ander behoeftes te voorsien en in baie gevalle kon ons materiële besittings vergader wat weer baie ander genietinge van die lewe binne ons bereik geplaas het.

Daar is nog ‘n rede waarom ek voel om die vrymoedigheid te neem om ‘n finansiële bydrae van u te vra. Met die bykans totale ineenstorting van die Afrikanerpolitiek soos ons dit geken het die afgelope aantal jare is daar baie min finansiële offers van ons gevra, bykans niks in vergelyking met dit wat in vorige geslagte van Afrikaners gevra is om aan ons ‘n toekoms na te laat nie, in baie gevalle selfs meer as waartoe hulle menslikerwys in staat was. Nou is dit weer ons beurt om ook ons deel te doen om ‘n erfenis aan ons kinders en kleinkinders na te laat.

U bydrae sal help om vir Dr Verwoerd weer terug te bring in die harte van sy volk wat hy gedien het en om die goeie naam van ‘n geliefde volksleier weer in ere te herstel. Verder is dit ‘n geleentheid om ‘n nuwe intellekturele basis te lê vir die skepping van ‘n toekoms vir ons kinders en kleinkinders. Die opbrengs op ‘n belegging in hierdie saak sal in terme van geestesgoedere baie hoër en van meer blywende aarde wees as enige ander gewone finansiële belegging. Ons kan die versekering gee dat die geld op ‘n oordeelkundige en verantwoordelike wyse bestee sal word en dat ons op enige gegewe stadium aan enige ondersteuner daaroor verslag sal kan doen.

DIE PAD VORENTOE MET VERWOERD

Die fokus van die meeste aktiwiteite ter herdenking van die lewe van Dr Verwoerd sal uiteraard val op 6 September, die dag 50 jaar gelede toe hy gesterf het. Dit mag egter nie daar ophou nie. Vanweë Dr Verwoerd se fenominale intellek, sy kragtige, dinamiese en skeppende denke, sy sterk geloof, sy daadkrag en sy innemende persoonlikheid het hy ‘n verskilmakende rol op vele terreine van die openbare lewe in Suid-Afrika gespeel en daar is ‘n rykdom van kosbare inligting daaroor beskikbaar.

Deur die herdenkingsaksies wat tans geloods word, sal daar egter maar net aan sy ryk nalatenskap geraak kan word en die res sal waarskynlik vir altyd vir ons volk verlore wees. Daarom beskou ons by Suidland Media die huidige aktiwiteite rondom die herdenking van sy dood slegs as die begin van die herdenkingsproses wat nog vir baie jare kan duur. Dit is nou ongeveer 17 jaar nadat die honderdjarige herdenking van die Tweede Vryheidsoorlog in Oktober 1999 begin het en daar verskyn nog steeds boeke, films en ander geskrifte daaroor.

SKEP U EIE TOEKOMS

Dr Verwoerd was by uitstek ‘n visionêre denker. Hy het die toekoms bedink en vir homself ‘n baie duidelike begrip gevorm van wat gedoen moet word om vir sy volk ‘n toekoms in Suid-Afrika te skep. Daarvoor het hy die nodige toekomsbeplanning gedoen en konkrete stappe in werking gestel om dit ten uitvoer te bring. Daar is al deur meer as een persoon van hom gesê dat hy sy tyd 50 jaar vooruit was en as gevolg daarvan ‘n eensame figuur was.

Dit is ook ons verantwoordelikheid om vir ons kinders in Suid-Afrika ‘n toekoms te skep. Daarvoor sal ons ook die vermoë tot visionêre denke moet ontwikkel. Dit sal baie moeilik wees om ‘n beter leermeester in visionêre denke en toekomsbeplanning as Dr Verwoerd te vind. Sy lewe as ‘n man van die toekoms het tipies uitdrukking gevind in sy leuse vir sy volk: **SKEP U EIE TOEKOMS.**

PUT INSPIRASIE UIT SY LEWE

Ander volkere het die voorreg gehad om geïnspireer te word deur die denke en dade van hulle leiers wat min of meer tydgenote van Dr Verwoerd was. Vir die Engelse was Winston Churchill die man wat Engeland deur die krisis van die Tweede Wêreldoorlog gelei het. Net so ‘n man was Genl Charles de Gaulle vir die Franse en kon hulle nog tot in die laat sestigerjare van die 20ste eeu uit sy leierskap inspirasie put. Vir die Duitsers was Dr Konrad Adnauer die man wat hulle uit die as van die Tweede Wêreldoorlog opgetel het. Wat staatsmanskap betref, het Dr Verwoerd ten minste gelyk gestaan aan enige van hierdie drie persone, maar sy volk is die geleentheid ontneem om na sy dood inspirasie uit sy lewe te put. Die geleentheid is egter nie vir goed verby nie. Deur sy ryk nalatenskap ten volle te ontgin kan ons volk in die jare en dekades wat moontlik nog vir ons voorlê as die Here Jesus vertoef om te kom, sy denke en dade as basis vir die skepping van ‘n toekoms vir ons kinders gebruik.

KONTAKBESONDERHEDE

Adres: Voortrekkerstraat 97, Posbus 339, Piketberg, 7320
Tel: (022) 913 2353 / 913 2391 / Faks: (022) 913 1482 / Sel: 082 493 3785
E-pos: toekoms@suidland.net